

DIE WAARDE VAN ARBEID IS 'N PROBLEEM

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

Uit die gekombineerde resultate van twee opnames wat onlangs in samewerking met Landbou.com en TLU SA landwyd onder boere gedoen is, was dit duidelik dat arbeidsaangeleenthede by verre die vernaamste kwessie vir boere op plaasvlak is. Die resultate is gegrond op inligting wat aan die einde van April 2016 met die hulp van Landbou.com op die Internet vir voltooiing deur boere ingesamel is.

Deelnemende boere het aanvanklik aangedui dat kollektiewe arbeidsprobleme met 71% by verre die belangrikste kwessie was wat op plaasvlak gepla het. Die arbeidskwessies kon met behulp van Landbou.com se opname verder ontleed word. Hierdie ontledings verskyn in die Tabel.

TABEL: ONTLEDING VAN ARBEIDSKWESSIES

Beskrywing	Aantal	%
Minimum lone	31	18%
Onbetroubaarheid	26	15%
Verblyfreg (werkers & nie-werkers)	26	15%
Produktiwiteit	25	15%
Wetgewing en administrasie	17	10%
Algemene probleme	11	7%
Tekort aan opgeleide arbeiders	11	7%
Diefstal deur eie werkers	6	4%
Drankmisbruik	6	4%
Behuising aan werkers	4	2%
Regskoste	3	2%
Betogings/stakings	2	1%
Ongeletterdheid	1	1%
TOTAAL	169	100%

Die Tabel toon aan dat daar nie een enkele arbeidskwessie is wat deurslaggewend vir boere is nie. Minimum lone, onbetroubaarheid van arbeiders, verblyfreg en produktiwiteit is vier kwessies wat bykans tot dieselfde mate boere op plaasvlak kwel, hoewel minimum lone tog die kwessie is wat tot 'n mate die een is wat boere die meeste pla. Betogings/stakings en die ongeletterdheid van arbeiders is die minder belangrike arbeidskwessies wat boere pla.

Binne die breë omgewing van arbeid was daar dus nie een enkele kwessie wat bo die ander uitgestaan het nie. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die minimum loon opsigself nie noodwendig 'n kwessie is nie maar dat die kwaliteit, betroubaarheid en produktiwiteit van die arbeid wat die boer in ruil daarvoor ontvang, 'n wesentlike probleem op plaasvlak is.


Die arbeidsmark

Onder vrye markstelsel word kapitale bates hoofsaaklik deur privaat persone besit en beheer. Arbeid word in die vorm van lone en salarisse oëgekoop om die kapitale bates in produksie te bring sodat dit winste vir die eienaars kan realiseer. Kommoditeite word dus bymekaar gegooi met die doel om 'n surplus waarde b6 die koste van die kommoditeite te voeg sodat die surplus in die vorm van wins die kapitaaleienaar as beloning kan toeval. Die kernaspek is dat bestaande kommoditeite (saad, kunsmis, diesel, onkruid- en plaagdoders) tydens die produksieproses in nuwe kommoditeite (mielies, sojas, koring) omskep word sodat die nuwe kommoditeite teen hoer waarde verkoop kan word as wat die onderlinge aankoopwaarde van die bestanddele was.

Kritiek teen die vrye mark is dat arbeid onder hierdie stelsel ook as blote kommoditeit beskou word. Getrou aan die grondslag van die vrye mark moet arbeid dus ook so aangewend word dat dit surplus b6 die aanvanklike koste kan realiseer. Die koste van arbeid, soos weerspieel in loon of salaris, moet onvermydelik minder wees as die waarde wat dit vir die kapitaaleienaar realiseer. Dit stel die kapitaaleienaar in staat om surplus waarde uit arbeid te onttrek en wins daaruit te akkumuleer. Daarsonder sal werksgeleenthede nie geskep kan word nie.

Die deurslaggewende faktor by die vasstelling van arbeid se prys is die mate waartoe die arbeid dus 'n bydrae tot die waarde van die eindproduk kan voeg. Werkgewers sal nie arbeiders aanstel wat nie meer waarde kan toevoeg as wat die koste van hulle arbeid is nie. Daar moet dus 'n winsmotief vir die gebruik van arbeid wees anders is dit sinneloos om van arbeid gebruik te maak. Gevolglik sal werkers wat meer produktief is in groter aanvraag wees as werkers wat minder produktief is.

In Suid-Afrika word lone tans tot 'n groot mate op gedwonge wyse deur vakbonddruk of regeringsinmenging vasgestel. Dit lei noodwendig daartoe dat die verhouding tussen die koste van arbeid en die waarde wat dit vir die werkgewer toevoeg, kunsmatig en nie deur markkragte nie, vernou word. Gevolglik verlaag die vraag na arbeid omdat werkgewers alternatiewe soek waarmee waarde tot hul eindprodukte gevoeg kan word. Boere vervang byvoorbeeld hulle arbeiders met masjinerie of probeer met minder arbeiders steeds dieselfde hoeveelheid werk verrig, soos in die grafiek aangetoon.



Die grafiek toon aan dat boere in reële terme (inflasie uitgesluit) toenemend meer plaaswerktuie sedert 1994 aankoop. Terselfdertyd het die aantal plaaswerkers beduidend afgeneem. Sedert 1994 het die aantal plaaswerkers van 921 000 met 235 000 tot 686 000 afgeneem.

Werkseleenthede

Meer werkers op 'n plaas beteken meer geleenthede vir individuele werkers om te spesialiseer in wat hulle doen en om unieke vaardighede aan te leer wat hulle meer gesog as werknemers sal maak. Hoe meer gespesialiseerde werkers uiteindelik in die ekonomie werkzaam is, hoe meer produktief is die land se arbeidsmag en hoe meer produktief die arbeidsmag is, hoe meer kan hulle betaal word.

Tans gebeur die teenoorgestelde. Omdat boere juis nie meer geleenthede vir spesialisasie op plase skep nie, bly plaaswerkers meestal net algemene werkers en ontwikkel hulle nie vaardighede wat die aanvraag na hulle arbeid verhoog nie. Die hoë minimum loon opvrys plaaswerkers met lae vaardighede as wat uit die mark en dit lei tot die afskaling van werkseleenthede op plase.

Landbou as primêre sektor behoort op grootskaal werk vir laaggeskoolde en onervare werkers te skep. Soos wat hulle vaardighede en ervaring toeneem, verhoog hulle aanvraag in sekondêre sektore. Verlies aan werk in die landbousektor behoort dus tot 'n toename in werkseleenthede in die sekondêre sektore te lei maar dit gebeur ook nie tans nie. Volgens Statistiek SA neem werkseleenthede in konstruksie en vervaardiging gesamentlik ook af. Die vermindering van plaaswerkers het dus nie tot 'n toename in die opvolgende sektore se arbeidsmag gelei nie.

In hulle verslag: *“The Economic Rationale for Agricultural Regeneration and Rural Infrastructure Investment in South Africa”* bevind Meyer, Breitenbach, Fenyes en Jooste dat die landbousektor se kapasiteit en ook vermoë om werkseleenthede te kan skep by verre dié van enige ander sektor van die ekonomie oorskry. Dit geld nie net vir landbou self nie maar ook vir stroomaf sektore wat landbouprodukte as grondstof gebruik. Dit is in die besonder van toepassing om armoede in die plattelandse gebiede te verlig. Die verslag spel ook uit dat ander sektore tot 'n groot mate reeds hulle versadigingspunte bereik het en dus nie dieselfde potensiaal as landbou het om nuwe werkseleenthede te kan skep nie. Dan word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die regering hierdie moontlikhede moet erken en sy ondersteuning aan landbou moet verleen sodat die sektor se vermoë om werk te skep ten volle benut kan word.

In die praktyk is die teendeel egter waar. Tracey Simbi en Michael Aliber van die Departement van Handel en Nywerheid se verslag: *“Agricultural Employment Crisis in South Africa”* kom tot die gevolgtrekking dat indiensneming deur Suid-Afrika se kommersiële boere teen 'n onrusbarende tempo afneem. Volgens hierdie verslag is boere ook toenemend meer geneig om weg te beweeg van permanente werkers en maak hulle meer van tydelike werkers gebruik. Dan kom die verslag tot die gevolgtrekking: *“If the decline in employment continues in this fashion, then the already grave problem of rural unemployment will become graver still.”*

Die relatiewe lae produktiwiteitswaarde wat die boer in ruil vir die minimum loon kry laat styg werkloosheid en daarmee saam neem die sogenaamde ongelykhede tussen ryk en arm toe. Suid-Afrika se ongelykheid is egter nie noodwendig tussen ryk en arm nie maar eerder tussen die wat werk het en die wat nie werk het nie want die kunsmatige minimum loon bring nie die vraag na werkers en die aanbod van hulle arbeid in balans met die waarde wat hulle tot die ekonomie kan toevoeg nie.

KASSIE:

Daar was ñn spesiale klas werknemers aan die begin van die Industriële Revolusie wie se werk en voortbestaan grootliks met die aanvang van die twintigste eeu verdwyn het. Dit was die perd. In 1901 was daar 3.5 miljoen werkende perde in Engeland gewees. Hoewel hulle vóór hierdie jaar geleidelik reeds met stoomenjins vervang is, was daar steeds baie perde in diens om lande te ploeg, waens te trek of om as voertuig vir manskappe in oorloë te dien. Later, met die toename van die binnebrandenjins se gewildheid, is perde baie vinnig met dié nuwe masjien vervang en het hul getalle in 1924 reeds tot onder 2 miljoen afgeneem. Daar was altyd ñn minimum koste waarteen perde steeds ekonomies aangewend kon word maar toe die koste om ñn perd te voer hoër geraak het as die ekonomiese waarde wat die perd kon toevoeg, was dit net nie meer die moeite werd om perde te bly gebruik nie en het hulle uit die ekonomie verdwyn.